Ges. 122: 1, 3, 4. Jesus se Uitgang uit Jerusalem GV Patch 19 Apr. 57

Ps. 118: 10, 11. Joh. 19: 17-30.

Ges. 125: 2. 5.

Joh. 19: 17 - En Hy het sy Kruis gedra en uitgegaan na die sogenaamde Hoofskedelplek.

Of die oog is hierdie woord 'n doodgewone, alledaagse, niksseggende mededeling maar wie iets van Jesus weet, wie iets van sy lyding verstaan, sal ook weet dat hd. geen gewone woorde is nie: dat dit vir ons alles vertel van sy lyding en stryd wat voorafgegaan het - en van wat sou volg.

Voor ons na die woorde van ons teks kyk wil ons kyk op d. groot verskil in inhoud tussen verse 16 en 17: „En hulle het Jesus geneem en Hom weggelei" (16). „En Hy het sy Kruis gedra en uitgegaan na die sgn. Hoofskedelplek" (17) Waar in die hofsaal Jesus Hom vryw. oorgee aan d. gang v.d. gereg (onreg?) daar verander alles oombliklik as Hy sy voet uit op d. pad na Golgotha :.. Hy het ..." Sy uitgang. Ons let dan op:

I Die Feit van sy Uitgang

II Die Wyse " " "

III Die Krag " " "

## I Die Feit van Sy Uitgang:

① Sy uitgang is vrywillig: „Hy het uitgegaan". Dis nie d. skare wat Hom d. soldate wat Hom wegvoer, dis nie d. skare wat Hom aanpor nie - sy uitgang is 'n daad v. Homself. Hy word nie gebind en gedwing nie - Hy stap uit die vrye wil die poort v. Jerus. uit, Golgotha tegemoet.

Hy doen dit nie omdat Hy hom skik in 'n onvermyd. noodlot of omdat Hy angswaelig is vir wat gebeur - dan was dit maklik. Nee!

Want Hy het gegril vir die pad wat voorlê – was vir Hom 'n weg van smarte. Maar nogtans gaan Hy dit volkome bewus willig – wetende wat Gods Raad vereis het: dat d. Seun v God die sonde v.d. ganse mensdom sou dra!

② Sy uitgang is uit Jerusalem:

a) Die stad v sy liefde: die stad waaroor Hy geween het gedagtig aan haar ondergang; die stad wat Hy so graag wou red – maar wat geweier het om gered en verlos te word. Hd. Jerusalem wat Hom verwerp v veroordeel en verdryf! ~~Die~~ Hoe diep dit nie gepyníg: d. smart v miskende liefde!

b) Die stad v God: Daar d. tempel, d. woonplek v God onder Sy volk, d. Kerk v.d. Ou Verbond: Daar d. volk sy offers gebring, ~~sy~~ d. naam v.d. Here aangeroep. En v/daar gaan Jesus uit: verwerp, verban uit Sion, d. heiligdom, d. gemeente v God!

Hoewel dit alles d. volk nie vryspreek van hulle ontsettende skuld nie, was vanuit Gods Raad, dit alles so gebeur: Jesus, as d. Borg v God, moes met ons skuld belaai word, moes deur Gods ewige geregtigheid uitgeban word uit d. gemeente en uit Gods Kerk – Hy moes buite d. laer gaan sterwe."

II Die Wyse v Sy Uitgang: „Hy het sy kruis gedra"

~~[illegible]~~ Gr: „dragende sy kruis"

① Dra al d. verwerping, vernedering, verguising:

– niks Hom gespaar gebly nie.

③ Dra al d. droefheid v. d. wenendes:

~~Ons smarte~~ „Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte – dié het Hy gedra"

– trane wat ween

③ Dra al d. sonde v.d. wêreld:

„Die straf wat vir ons d. vrede aanbring, was op Hom"

III Die Vrug van sy Uitgang:

① Hy bring 'n soenoffer wat alle ander offers vervang:

→ „Die Lam, vir ons op aard' geslag
ons hoogste sielsverlange,
is waardig rykdom, eer en krag
en dankb're lofgesange!"

(1·2)

② Hy ~~ontsluit~~ 'n poort wat nooit meer toegesluit kan word nie:

Staanpoort Jerus.: toegesluit
Sterwe aan Kruis: oopgesluit.

Poort na d. ewe J. toe – na binne oop!
Sy Kruisweg 'n heilsweg!

→ Alleen gesluit deur ons sonde ...

→ „Laat ons dan uitgaan buite d. poort en sy smaad dra"

→ Bask aan verbrones

③ <u>Hy grondves 'n gemeente wat nooit meer te gronde kan gaan nie</u>

Sy Kerk, gegrondves in sy bloed
sal vir geen vyand buk nie;
geen lis, geen mag, hoe fel dit woed
sal haar aan Hom ontruk nie"